

Woensdag 14 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 33:1-20

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 33:13

Bekering bring my tot die besef Wie God is!

Van al die konings van Israel wat in die Ou Testament beskryf word, is daar min konings wat God so kwaad gemaak het soos koning Manasse. Hy het elke denkbare sonde tot in sy uiterste vorm toe bedryf. Nie net het hy afgode aanbid nie, maar hy het ook altare vir die afgode in die tempel van God laat oprig. Verder het hy sy eie seuns in die Ben-Hinnondal as offers laat verbrand en hy't homself ook nog besig gehou met goëlery, waarsêery, toordery en die oproep van geeste. Hy het God só kwaad gemaak dat God belowe het om die hele Jerusalem te vernietig as gevolg van die sonde van Manasse. In die boek Konings word hy voorgehou as die groot rede waarom God die volk Juda in ballingskap laat wegvoer het.

Nadat God hom in boeie en met hakke deur sy neus na Babel toe laat wegvoer het, het hy tot bekering gekom en met sy hele hart sy hoop gevestig op God se genade. En dan lees ons: "*Die Here was hom genadig en het sy smeekbede verhoor en hom laat terugkom na Jerusalem, na sy koningskap toe. Toe het Manasse geweet dat die Here God is.*" Hierna het Manasse na Jerusalem toe teruggekeer en die hele volk opgeroep om God alleen te dien.

Waar God se genade gesien en beleef word, daar leer ons Wie Hy is en kan ons nie anders as om Hom te verheerlik nie. In Christus sien en beleef ons God se genade die beste. Net in Christus kan die Heilige Gees die kliphardste sondaarhart verwijder en vervang met 'n hart wat God wil verheerlik. By die kruis is geen sonde groter as die genade van God nie. Waar hiérdie genade ontvang word, sal God verheerlik word.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)